*Sondag* **26 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-13**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:9 (AFR83/2020)**

**Die Heilige Gees lei en versterk ons**

Hierdie is ’n diepgaande gedeelte waar Paulus aan Timoteus skryf om hom te bemoedig en te versterk in sy geloof. Hierdie brief is spesiaal, aangesien Paulus weet die einde is in sig. Vers 9 staan uit as ons fokusvers as ’n herinnering aan die grootheid van God se genade en sy soewereine heerskappy. Hierdie woorde beklemtoon dat ons redding en roeping nie van ons eie doen en late afhanklik is nie, maar van God se soewereinheid, genade en liefde. Juis omdat God reeds ’n plan vir ons gehad het.

Die “heilige roeping” verwys daarna dat ons geroep is tot ’n lewe wat anders is, afgesonderd vir God se gebruik, soos sy volk ook destyds was. Hierdie roeping is nie net vir predikante, evangeliste of sendelinge nie, maar vir elke gelowige. Ons is geroep om in elke sfeer van ons lewe God se heiligheid ten toon te stel. Paulus beklemtoon alles kom neer op God se genade, juis om Timoteus ook te herinner dat ons dit nie kan verdien nie, ’n waarwording wat ons ook moet begryp.

Hierdie waarwording behoort ons te vul met diepe nederigheid en dankbaarheid, wetend dat ons gered is, nie deur ons eie krag of geregtigheid nie, want ons sal dit nie maak op ons eie nie. So word God se soewereiniteit duidelik: Hy is die een wat ons roep en ons red. Dit is ’n bron van groot troos en vreugde. Selfs wanneer ons met uitdagings te doen kry, kan ons jubel in die Here, wetend dat Hy in beheer is. Ons omstandighede mag verander, maar God bly vas en onveranderlik. Daarom kan ons jubel op grond van die wete dat die Here wat ons geroep het, ook die een is wat soewerein regeer oor alle dinge.

Soos ons hierdie woorde oordink, word ons aangemoedig om met volharding en blydskap in die Here te wandel en vertrou dat Hy ons sal lei en beskerm volgens sy goeie en standvastige raadsplan.

*Sing: Psalm 139-2:1, 4, 5*

*Ds. EA (Erasmus) Venter (Buffeldoorns)*